– Lynné Schoeman

# Om 'n skaapkameel te streel

"Het julle gesien?!" roep Kaylin opgewonde uit. "Daar is 'n skaapkameel in die kraal agter die skuur!"

Haar ouer broer, Sheldon, en sy beste vriend, Hennie, rol hulle oë en lag lelik.

"Simpel meisiekind," sê Sheldon. "Dis 'n llama."

"Sy naam is Pajama," sê Hennie. "My pa het hom Saterdag op 'n veiling gekoop."

Hennie se pa is die boer van die plaas. Kaylin en Sheldon se pa is die voorman. Sy, Sheldon en Hennie het saam grootgeword, maar vandat die seuns op die dorp begin skoolgaan het, wil hulle niks met haar te doen hê nie.

"Kaylin, jy is 'n baba en ons speel nie met babas nie. Gaan speel met jou pop," snou hulle haar gewoonlik toe. Dis baie onregverdig. Sy kan net so vinnig soos hulle hardloop, en selfs beter as hulle boomklim. En sy háát popspeel.



Kaylin volg Hennie en haar broer na die kraal waar Pajama staan en wei. Die llama kyk met spits ore op toe die seuns oor die kraalmuur begin klouter. Kaylin wil ook oorklim, maar Hennie druk haar terug.

"Nee, Kaylin, jy is 'n meisie, jy mag nie," sê Sheldon.

Hennie hardloop reguit na die llama toe. Hy raak aan die dier se wollerige lyf voor hy omdraai en terughardloop. Pajama lyk verward, asof hy nie verstaan wat gebeur nie.

"Jou beurt, Sheldon," roep Hennie uitasem.

Sheldon hardloop op die llama af, maar net voor hy aan hom kan raak, hap Pajama na Sheldon se hand. Dis mis, maar nou jaag die llama vir Sheldon al die pad tot by die kraalmuur waar haar broer soos blits terugklouter. Eers toe hy veilig is, bars die seuns uit van die lag. Maar Kaylin dink nie dis snaaks nie.

Elke dag ná skool sien sy hoe die seuns die arme Pajama terg. Sy weet dit help nie om te klik nie, so, sy sal self aan 'n plan moet dink.

Een aand lê sy in haar bed en wag tot almal in die huis aan die slaap is. Toe dit tjoepstil is, maak sy saggies haar kamervenster oop en kruip versigtig uit. Sy kies koers in die rigting van die kraal. In 'n hoek lê Pajama plat op sy maag en slaap. Kaylin gaan sit op die muur naby die slapende llama.

Die eerste paar aande sit sy net doodstil sodat Pajama aan haar gewoond kan raak. Daarna begin sy vir hom liedjies sing. Pajama spits sy ore en sy groot donker oë blink. Sy vertel vir hom stories wat sy by haar ouma gehoor het, en sy kan sien Pajama luister.

Later neem sy vir hom ietsie om te eet – 'n wortel of 'n appel wat sy uit haar ma se kombuis smokkel.

Pajama is dankbaar vir die lekkernye, en laat Kaylin toe om hom te streel.

Een middag toe Hennie en Sheldon van die skool af kom, gaan hulle oudergewoonte na die kraal om die llama te terg. Toe hulle daar aankom, kan hulle hul oë nie glo nie. Want Kaylin sit met 'n breë glimlag bo-op sy rug!

Die seuns gaap haar oopmond aan. Kaylin stuur Pajama in die rigting van die kraalmuur waar hulle staan. Pajama rol sy kake heen en weer. Kaylin gee hom 'n ligte klappie op die boud en hy spoeg 'n slymerige bol gras in Hennie se gesig! Hennie gee 'n bloedstollende gil.

Kaylin gee nog 'n klappie en die llama spoeg weer – hierdie keer binne-in Sheldon se mond wat half oophang.

Die seuns hardloop huilend huis toe. Met 'n glimlag streel Kaylin oor Pajama se kop. Sy weet sommer Sheldon en Hennie sal dit nooit weer waag om vir haar óf Pajama te terg nie.

